# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30**

## Die Evangelie IS die Blye Boodskap

**Skriflesing:**
Jesaja 51:17-53:5
Romeine 1:1-7

**Teksvers:**
Jesaja 52: 7

**Sing:**
Ps 84:1, 2, 6
Sb 12-2:1, 4
Ps 19:4
Ps 33:2,11
Ps 40: 4, 5
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Lourens Venter

Hoe lieflik is op die berge die voetstappe van hom wat die Goeie Boodskap bring... Wat 'n Boodskap van vrede en verlossing aankondig. Wat 'n Goeie tyding bring, wat redding verkondig. Wat sê: *Jou God is Koning... Dit is die evangelie. Die Goeie boodskap. Die Blye tyding*.

Ons sluit vanoggend af met die vraag: wat maak jou bly? Vandag is daar maar min dinge om oor bly te wees. Tog het ons gesien dat die Here se Verlossing ons bly maak. Dat die Here se gawes ons versorg, waarmee ons Hom kan dien. Dat die Here oor ons bly is. Maar bo alles, is die boodskap van God se genade, die evangelie, die Bybel, ons diepste bron van vreugde. Want dit verkondig aan ons Christus en Hom as die gekruisigde.

Die Evangelie is die boodskap wat ons bly maak! Amen

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Christus bring gelooflike blydskap

**Skriflesing:**
Lukas 24:30-53

**Teksvers:**
Lukas 24:44

**Sing:**
Ps 18:1, 14
Ps 25:4, 7
Ps 119:13, 53, 55
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Lourens Venter

Na die manne van Emmaus terug gekom het in Jerusalem en by die ander dissipels aangesluit het, het hulle met groot blydskap openlik getuig van alles wat met hulle gebeur het. Die volgende oomblik staan Jesus in hulle midde. En toe hulle van blydskap nie kon glo wat hulle ervaar nie, begin die Here met hulle praat en Hy eet voor hulle oë.

Dan verduidelik Hy dat alles wat gebeur het, reeds in die wet, die profete en psalms vooruit verkondig is. Die Ou Testament is die belofte van God se genade. Hy wat Jesus is, is waarlik die verkondigde Christus.

Ons staan vanaand stil by die onuitspreeklike blydskap wat Jesus Christus bring deur die geloof. Amen




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 13 25 April 2021**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Euangelion: Die BLYE Boodskap

Ons hoor so gereeld as iemand uit die erediens stap die opmerking: "*Dit was 'n goeie boodskap*" of dalk: "*ek het nie 'n boodskap gekry nie*... "

Dit laat 'n mens diep nadink wat is die doel van die erediens en of die erediens die plek is waar die Woordbedienaar 'n "*boodskap*" moet bring. Gaan jy na die erediens om die boodskap van die predikant te hoor? Of gaan jy na die erediens om jou "*offer*" te bring.

Natuurlik is daar 'n boodskap wat oorgedra word. Soms 'n goeie en soms nie so goeie boodskap. Maar het u al ooit besef die Evangelie self die BOODSKAP is. Dit is immers wat die woordjie evangelie beteken: Die Blye Boodskap.

Dit is dus nie die woordbedienaar se taak om iets anders te sê as die boodskap van die evangelie nie! Inteendeel, die prediking is slegs die verduideliking en die toeligting van die Evangelie self. Daarom is dit vir ons as gereformeerdes altyd so noodsaaklik en belangrik dat die Here Self aan die Woord is in die erediens.

Hy is aan die Woord deur die hele erediens in al die vorme van die liturgie. By die Votum verklaar ons openlik dat ons hulp alleen in die Naam van die Here is, Hy seën ons, ons sing Sy lof by wyse van Sy Woord... Hy spreek tot ons direk in Sy Eie woorde deur die Wet, en die lees van die Woord. Ons antwoord die Here deur die sing van Sy Woord as antwoord en deur die Woord te bely as die waarheid.

So word die erediens 'n meelewing in die ontmoeting van die Heilige God in die erkenning Wie Hy is. Ons bring ons "*offer*" ons gebede, ons gawes, ons hartsbegeertes. Ons kom met die goeie werke van ons geloof om dank te offer op die altaar van Christus se volmaakte offer.

Hoe lieflik is die Blye boodskap, want die boodskap is Christus.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Meer as oorwinnaars!

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: Ma— Vry 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



# VERJAARSDAE

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Apr | Corrie | Janssens | A04 | |
| | Robert | Kornet Meyer | A04 | 27822293845 |
| 26 Apr | Marina | Cronje | C01 | 27828507487 |
| | Mariska | Jonker | B04 | 27832842974 |
| 27 Apr | Fanie | de Bruin | A02 | 27827808759 |
| | Arista | Gouws | B15 | 27823256112 |
| | Karrie | Grönum | B16 | 27723778422 |
| | Lynette | Jacobs | B14 | 27833567597 |
| | Retha | Knoetze | B10 | 27721042286 |
| | Michelle | Schutte | B02 | 27798963647 |
| | Susan | van Dyk | A14 | 27823379835 |
| 28 Apr | Johan | Du Plooy | B10 | 27836191385 |
| | Anne-Marie | Kruger | C04 | 27824871416 |
| | Hendri | vd Walt | A12 | 27832929002 |
| 29-Apr | Judy | Trichardt | A04 | 27832781005 |
| | Carol | v Seventer | B14 | 27845804993 |
| 30-Apr | Wally | Wallace | B06 | 27715783625 |
| 1 Mei | Juanita | Gerber | C14 | 27827227097 |
| | Petro | Krynauw | B13 | 27845796289 |
| | Charvette | Reesink | B03 | 27823194172 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Apr | Sion | Pretorius | B02 | 27825216870 |
| 30-Apr | Leenandri | Wattel | A12 | 27824154611 |

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00 (daar word nie uitnodigings uitgestuur vir die aanddienste nie, lidmate is welkom om dit te kom bywoon).

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

| 25 April | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A09 tot A16 | A01 tot A08 |
| B11 tot B19 | B01 tot B10 |
| C09 tot C15 | C01 tot C08 |

| 2 Mei | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A08 | A09 tot A16 |
| B01 tot B10 | B11 tot B19 |
| C01 tot C08 | C09 tot C15 |



## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@ gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Tel 082 854 1430. Jaco Wattel Veritas eiendomme.

.




## BYBELS BESKIKBAAR

Bybels in al die amptelike tale is tans beskikbaar by die kerkkantoor: R135 (hardeband) en R70 (sagteband). Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.

U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling saambring om u Bybel te ontvang.

**Kerk se bankbesonderhede**:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton; Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Biblos + Jou Naam**

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die

## K e r k k a m p

**8-10 Oktober**

Udolpho Rivierplaas, Parys
(www.udolpho.co.za)

Tariewe is soos volg:

- Kampstaanplek: R380pn vir 5 persone
- 5 Bed chalets R800pn
- 4 Bed chalets R640pn

Belangstellendes kontak
PW Groenewald 082 899 0342

## Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Almanak Ma tot Do tussen 09:00 en 14:00.

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**



## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***




## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmetode gestaak.